# Die oordeel

**Ds. Hennie van Wyk**

**Vooraf**

In hierdie artikel neem ek aan dat ons as Gereformeerdes nie bedenkinge het oor die uitverkiesing nie: die uitverkorene is voor die grondlegging van die wêreld uitverkies uit vrye guns alleen, en dat die uitverkorene geen bydrae kan maak ten opsigte van sy uitverkiesing nie.

Verder neem ek aan dat ons weet dat die mens nie 'n siel en liggaam het nie, maar dat die mens 'n lewende siel is (Gen 2:7 – 1953-vertaling) en dat hierdie eenheid gebreek word by die dood en by die wederkoms van ons Here Jesus Christus herenig sal word.

**Sterwensoomblik**

Die oomblik wat die mens sterf, vind daar 'n skeiding binne die mens plaas wat nie daar was nie. Die siel keer terug na God wat dit gegee het, en die liggaam na die aarde wat dit gegee het (Pred 12:7). Daar bestaan nie so iets soos die "sieleslaap" nie – waar die siel in 'n onbewuste toestand ingaan tot en met die wederkoms. Voorstanders van die "sieleslaap" maak foutiewe afleidings uit die Bybel (wat ek nie ruimte het om hier te bespreek nie).

Ons lei af dat die mens die oomblik wat hy sterf, voor God se troon staan. Dit lei ons af uit Jesus se woorde in Lukas 23:43 – "Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees." Verder lei ons dit ook af uit die gelykenis van die ryk man en Lasarus, waar albei bewus was van hulle toestand na hulle dood. Uit Lukas 16 (gelykenis van die ryk man en Lasarus) lei ons af dat die mens die oomblik wat hy voor die troon van God staan, na een van twee plekke gaan: die teenwoordigheid van God (Lasarus langs Abraham) of die verskrikking van die afwesigheid van God se genade waar die mens in die doderyk in pyn verkeer. Hier vind die eerste oordeel reeds plaas.

**Die uitverkorenes**

Die wonder van die uitverkiesing is dat daar geen beskuldiging ingebring kan word teen die uitverkorenes nie (Rom 8:33 ev.). Jesus Christus het die *volkome* versoening van *al* die sonde van die uitverkorene gebring, en daarom kan die uitverkorene nie veroordeel word nie.

Dit laat die uitverkorene nie sonder verantwoordelikheid nie. Die uitverkorene sal elke dag van sy aardse lewe getrou en gehoorsaam wees, "want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie" (HK v/a 64).

**Die skyngelowiges**

Ons moet besef dat daar baie mense in die kerk is wat verlore gaan. Matteus 7:13-23 gee vir ons duidelik lig oor hierdie saak: Jesus praat met kerkmense – en van hulle is daar mense wat nie die nou pad vind nie, wat na valse profete luister en wat selfs gepreek en wonders gedoen het in die Naam van die Here – en tog verlore gaan. Hebreërs 6:4-6 lees: *"Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees, die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het, en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. In hulleself kruisig hulle immers weer die Seun van God en maak hulle Hom in die openbaar tot 'n bespotting."*

Daar is dus kerkmense wat die gawes van God se genade ervaar het (die prediking en sakramente) en wat tog afvallig word en dus verlore gaan. Hulle sal op hulle sterwensoomblik hoor: *Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree* (Matt 7:23).

**Die heidene**

Daar is geen verskoning vir die heidene nie. Hulle sal verlore gaan. Ons bely immers in artikel 2 (NGB) dat God se openbaring in die natuur genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldiging te ontneem. Lees ook Romeine 1:18-32.

**Opsommend**

Die oomblik wat die mens sterf, is daar een van twee oordele wat hy sal hoor:

- Die skyngelowige en die heiden word veroordeel en sal buite God se genade gestel word.
- Die uitverkorene wat in die teenwoordigheid van God bly tot die wederkoms van die Here Jesus Christus.

**Die wederkoms**

As die laaste basuin blaas, sal Jesus terugkom op die wolke. Al die grafte sal oopgaan en almal, die uitverkorenes en die heidene, sal uit die dood opstaan en die siel en die liggaam sal herenig. Met die wederkoms van Jesus Christus vind die finale oordeel plaas waarvan ons lees in Matteus 25 en Openbaring 17 – 20. Kortliks kan dit só saamgevat word:

Daar is eers die oorlog in die hemel wanneer die Ruiter op die wit perd, Jesus Christus, die onheilige drietal (Satan, die Antichris en die Valse Profeet) oorwin. Eers word die Antichris en die Valse Profeet in die poel van vuur gewerp (Openb 19:19-20). Daarna word Satan die laaste keer losgelaat. Hy versamel die heidene hier op die aarde (die God en die Magog) om die uitverkorenes uit te wis, maar word oorwin deur Christus. Dan word hy in die poel van vuur gewerp, en saam met hom al die heidene en skyngelowiges (Openb 20:10). Daarna vind die eindoordeel plaas. Die heidene en skyngelowiges (die bokke van Matt 25:32, 33) word in die poel van vuur gewerp waar hulle vir elke sonde wat hulle gedoen het, gestraf sal word (Openb

20:12-15). Die uitverkorenes sal saam met God op die nuwe aarde woon (Openb 21:1 – 22:5). Daar is vir hulle geen veroordeling nie.

**Geen verrassing nie**

Ons moet tog nooit dink dat ons verras sal word deur God met sy uitspraak in een van die twee oordele nie. Elkeen van ons móét nou wéét wat God se uitspraak sal wees. Ons het die genade en die verantwoordelikheid om dit te bepaal. Antwoord net hierdie vrae eerlik en u sal weet wat God se uitspraak sal wees:

- Wat doen u met die sonde wat u doen? Dit is nie genoeg om net vergifnis te vra nie – u het ook die verantwoordelikheid om elke dag te stry om in die nou poort in te gaan en aan God gehoorsaam te wees. Met ander woorde: Besef u werklik die volle omvang van hoe groot u sonde en ellende is?
- Is Christus vir u werklik die enigste Verlosser en Saligmaker? Hierdie vraag is belangrik: Vertrou ons onvoorwaardelik die beloftes van God – dat Hy *alles* vir ons in Christus gee en dat ons *niks* kan bydra tot ons eie verlossing nie? Besef ons werklik ons totale onvermoë om God se genade te verdien?
- Is ons ten volle dankbaar vir ons verlossing? Ons kan nie 100% gehoorsaam wees aan die wet van God (as reël vir ons dankbaarheid) nie. Die vraag is egter: Gee ek 100% van my vermoë? Lees weer die twee gelykenisse van die muntstukke in Matteus 25:14-30 en dié in Lukas 19:11-27: elkeen het die verantwoordelikheid om sy beste te gee – doen ons dit? •